GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS

## PROVINSIALE EKSAMEN

## NOVEMBER 2016

## GRAAD 10

# EKONOMIE

## VRAESTEL 2

**PUNTE: 150**
**TYD: 2 uur**

**12 bladsye**

*K3P2*

**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**

**PROVINSIALE EKSAMEN**

**EKONOMIE**
**(VRAESTEL 2)**

**PUNTE: 150**
**TYD: 2 uur**

---

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord VIER vrae in die ANTWOORDBOEK soos volg:

   | | |
   | --- | --- |
   | AFDELING A: | VERPLIGTEND |
   | AFDELING B: | Beantwoord enige TWEE van die drie vrae. |
   | AFDELING C: | Beantwoord enige EEN van die twee vrae. |

2. Beantwoord slegs die vereiste aantal vrae. Addisionele antwoorde sal NIE nagesien word NIE.
3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Skryf die vraagnommer boaan elke antwoord neer.
5. Lees die vrae sorgvuldig deur.
6. Begin ELKE vraag op 'n NUWE bladsy.
7. Laat 2 – 3 reëls tussen onderafdelings van vrae oop.
8. Beantwoord die vrae in volsinne en verseker dat die uitleg, inhoud en konteks van jou antwoorde in ooreenstemming met die vereistes van die vrae is.
9. Gebruik slegs swart of blou ink.
10. Jy mag 'n nie-programmeerbare sakrekenaar gebruik.
11. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A (VERPLIGTEND)

**VRAAG 1** **30 PUNTE – 20 MINUTE**

### 1.1 MEERVOUDIGEKEUSE VRAE

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae gegee. Kies die korrekte antwoord en skryf slegs die letter (A – C) langs die vraagnommer (1.1.1 – 1.1.8) in die ANTWOORDBOEK neer, bv. 1.1.9 C

1.1.1 Die wet van aanbod sê dat …

A as die prys styg sal die hoeveelheid aangebied daal.
B as die prys styg sal die hoeveelheid aangebied styg.
C as die prys styg sal die hoeveelheid aangebied konstant bly.

1.1.2 Watter vorm van regeringstrategie word toegepas indien die regering 'n prys laer as die ekwilibriumprys vasstel om sodoende meer verbruikers die kans te bied om die produk te koop?

A Subsidie
B Minimum prys
C Maksimum prys

1.1.3 ŉ Onvolmaakte mark het NIE die volgende kenmerke nie:

A Verkoper het beheer oor die prys
B Maklike toetrede en uittrede in die mark
C Onvolledige inligting

1.1.4 Die instelling verantwoordelik vir arbeidsmagnavorsing in Suid-Afrika is …

A Statistiek Suid-Afrika.
B die Departement van Arbeid.
C die KKMA.

1.1.5 Die Wet op Gelyke Indiensneming, Wet nr. 55 van 1998 bestaan uit onder andere uit …

A vakleerlingskap-ooreenkomste.
B regverdigde diskriminasie.
C regstellende aksie.

1.1.6 Dit kan ŉ effek wees van oneffektiwiteit.

A Inflasie
B Gelyke geleenthede
C Volhoubare bronne

1.1.7 Watter van die volgende faktore beïnvloed die vraag na arbeid?

A Arbeidsproduktiwiteit
B Vraag na ander faktore
C Groei in bevolking

1.1.8 Dit is een van die redes waarom verbruikers minder sal betaal vir sekere goedere en dienste, as die prys wat verkopers vir die goedere en dienste vra.

A Verbruikersboikotte
B Regeringsubsidies
C Lae besteebare inkomste (8x2) (16)

**1.2 PASITEMS**

Kies die omskrywing in KOLOM B wat die beste pas by die term in KOLOM A. Skryf slegs die letters (A – I) langs jou vraagnommer (1.2.1 – 1.2.8) in jou ANTWOORDBOEK neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.2.1 Kollektiewe bedinging | A. As verbruik styg, sal die nut van die produk daal |
| 1.2.2 *Ceteris Paribus* | B. Metode wat gebruik word om die verhouding tussen werkgewer en werknemer te hanteer |
| 1.2.3 Wet van dalende opbrengs | C. ŉ Regeringstelsel wat werkers beskerm tydens afdanking |
| 1.2.4 Grondwet | D. Mense met hoë vaardigheidsvlakke, wat in lae besoldigingsposte werk of hulle werk minder ure as wat hulle graag wil |
| 1.2.5 Werkloosheids versekeringfonds (WVF) | E. Alle ander dinge bly dieselfde. |
| 1.2.6 SETA | F. Handves van Regte |
| 1.2.7 Onderindiensname | G. Klein, Medium en Mikro-ondernemings |
| 1.2.8 KMMO | H. Verskaffers kan die prys aanpas soos hulle wil, is prysvasstellers. |
| | I. Sektoronderwys en opleidingsowerheid |

(8x1) (8)

## 1.3 KONSEPTE

Verskaf EEN term / konsep vir die volgende beskrywings. Skryf slegs die woord langs die vraagnommer (1.3.1 – 1.3.6) in jou ANTWOORDBOEK neer.

1.3.1 Die wet probeer die foute van die verlede regstel.

1.3.2 Hierdie lyn word dikwels na verwys as die verbruikersmoontlikheidskurwe.

1.3.3 ŉ Mark waar verskaffers prysnemers is

1.3.4 Die laagste loon wat ŉ werkgewer toegelaat word om sy werknemers per maand te betaal

1.3.5 Die instelling maak dit moontlik vir entrepreneurs om betrokke te raak by infrastruktuurontwikkeling

1.3.6 Die impak op ŉ party wat nie direk betrokke by die transaksie is nie

(6x1) (6)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

**AFDELING B**

Beantwoord enige TWEE van die drie vrae uit hierdie afdeling in jou ANTWOORDBOEK.

**VRAAG 2 – MIKROEKONOMIE** **40 PUNTE – 30 MINUTE**


2.1 Beantwoord die volgende vrae.

2.1.1 Noem TWEE faktore wat die waarde van 'n produk bepaal. (2x1) (2)

2.1.2 Wat word bedoel met die marginale koers van substitusie? (1x2) (2)

2.2 Bestudeer die grafiek hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**PRODUKSIEMOONTLIKHEIDSKURWE**




2.2.1 Verduidelik die term *produksiemoontlikheidskromme*. (2)

2.2.2 Wat vind plaas by punt B in vergelyking met punt A? (4)

2.2.3 Watter TWEE voorwaardes moet 'n besigheid nakom ten einde om produktiewe effektiwiteit te bereik? (4)

2.3 Bestudeer die artikel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

> Daar word verwag dat die vraag na landbouprodukte sal styg namate die bevolking toeneem en inkomstevlakke styg in Suid-Afrika.
>
> Maar dit is nie so eenvoudig nie. Dit is eerder die sektor se vermoë om aan te pas by die verandering na die vraag na landbouprodukte. Produksie sal toenemend verander van 'produksiedruk' na 'vraagtrek' beginsel.
>
> Beide verbruikers en die landbousektor is by kritieke draaipunte wat die produksie en verbruik van voedsel in die land sal verander. Die een konkrete feit is die sekerheid dat ons voortdurend meer voedsel sal moet produseer om in die verhoogde vraag te voldoen.
>
> Maar, die tipe voedsel en die aard van die produksie daarvan moet gedurig aangepas word om die verbruiker se meer gesofistikeerde behoeftes te bevredig.
>
> **Aangepas uit:** www.crsnewssa.co.za, **10/2/2016**

2.3.1 Voorsien die aanhaling van ŉ gepaste opskrif. (1)

2.3.2 Gee TWEE redes waarom die vraag na landbouprodukte (kos) mag styg. (2x1) (2)

2.3.3 Verduidelik wat met die vraagkurwe sal gebeur as daar ŉ verandering in die hoeveelheid van voedselprodukte wat gevra word. (2)

2.3.4 Hoekom koop mense meer as pryse daal? (1x2) (2)

2.3.5 Wat word deur die Wet van Vraag bedoel? (3)

2.4 Bespreek inkomstesubsidies en produksiesubsidies. (2x4) (8)

2.5 “Die vorm van die onverskilligheidskromme word veroorsaak deur die verskuiwing van die voordeel van marginale nut, van een produk na ŉ ander”

Evalueer die stelling deur die algemene karaktereienskappe van die onverskilligheidskromme te verduidelik. (4x2) (8)

**[40]**


**VRAAG 3 – KOMTEMPORÊRE EKONOMIESE KWESSIES 40 PUNTE – 30 MINUTE**

3.1 Beantwoord die volgende vrae.

3.1.1 Noem enige TWEE aspekte van die menslike hulpbronontwikkelingstrategie. (2x1) (2)

3.1.2 Wat is die bedoeling van ’n kongres? (1x2) (2)

3.2 Bestudeer die spotprent hieronder en beantwoord die vrae wat volg.




3.2.1 Waarvoor staan die afkorting *COSATU?* (1)

3.2.2 Verduidelik die begrip “situasie van die werkers”. (1)

3.2.3 Wat dink jy is die wetlike verantwoordelikhede van ’n vakbond federasie soos COSATU? (2x2) (4)

3.2.4 "Die KKMA is deel van die kollektiewe onderhandelings- en dispuutoplossingsproses.”

Vergelyk konsilliasie en mediasie, as deel van die bogenoemde proses in tabelformaat. (2x2) (4)

3.3 Bestudeer die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**Gelykheid en restitusie**

Vir ŉ groot gedeelte van hul geskiedenis, het progressiewe politieke bewegings in Suid-Afrika die beginsel van *politiek van gelyke geleenthede* bevorder in vergelyking met ras, geslag en etnisiteit.

Die Vryheidshandves noem dat 'Suid-Afrika behoort aan almal' en die verklaring dat 'alle nasionale groepe gelyke regte sal hê' is ŉ manifistasie van die verbintenis tot die erkenning van politieke gelykheid van almal.

Met die koms van demokrasie, is die erkenning van gelyke politiek saamgevat in die grondwet wat gelykheid waarborg in alle aspekte van die samelewing.

Die Suid-Afrikaanse grondwet van 1996 spel die karakter van die samelewing uit soos voorsien, beklemtoon die waarde van 'menswaardigheid, die bereiking van gelykheid en die uitbouing van menseregte, en vryheid' en 'nie-rassigheid en nie-seksisme'.

**Aangehaal uit:** www.google.com

3.3.1 Verduidelik die term *restitusie*. (2)

3.3.2 Wanneer is die eerste demokratiese verkiesing in Suid-Afrika gehou? (2)

3.3.3 Na jou mening, hoe word die inkomste in Suid-Afrika verdeel? (2)

3.3.4 Noem VIER hoofareas van die makro-ekonomiese doelwitte. (4)

3.4 Beskryf kortliks TWEE stappe wat die regering geneem het in die demokratisering van die ekonomie sedert 1994. (2x4) (8)

3.5 Verduidelik die magte van die Arbeidshof. (4x2) (8)

**[40]**

## VRAAG 4 – MIKROEKONOMIE EN KONTEMPORÊRE EKONOMIESE KWESSIES

**40 PUNTE – 30 MINUTE**

4.1 Beantwoord die volgende vrae.

4.1.1 Noem TWEE tipes indirekte belastings. (2x1) (2)

4.1.2 Wat is die doel van die Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid? (1x2) (2)

4.2 Bestudeer die spotprentjie en beantwoord die vrae wat volg.







**Het jy geweet?**

Die adjunk minister van Waterwese en Omgewingssake, Rejoice Mabudafhasim het ŉ R25 m OWP projek (EPWP) teen einde laas jaar geloods. Dit bevorder nie net werkgeleenthede en opleiding nie maar ook energie doeltreffendheid.

Die Kuyasa Skoon Ontwikkelingsprojek (CDM) behels die installering van son verwarmingstelsels, isolering van plafonne en energie effektiewe beligting in meer as 2000 lae koste wooneenhede.

Die projek het 85 voltydse werksgeleenthede geskep vir vroue, jeug en gestremdes asook meer as 16 500 tydelike werksgeleenthede.

**Aangepas uit: Vukuzenzele.gov.za. 2010**

4.2.1 Waarvoor staan die afkorting *OWP*? (2)

4.2.2 Noem TWEE vlakke van die regering wat openbarewerke-program geinisieër het. (2x1) (2)

4.2.3 Verduidelik in jou eie woorde, wat bedoel word met ŉ openbarewerke-program. (1x2) (2)

4.2.4 Verduidelik vanuit die spotprent hoe OWP beoog om armoede te verlig. (2x2) (4)

4.3 Lees die artikel en beantwoord die vrae wat volg.

**Dalende Ru-oliepryse nie net goeie nuus vir SA nie**

Hierdie week het die prys van ru-olie tot onder $30 per vat gedaal – ŉ prys laas gesien ŉ dekade gelede – maar die kragreus in olieproduksie, OPUL, wat ŉ derde van die wêreld se ru-olie produseer, het geen planne om produksie te sny nie, ondanks nuwe toetrede of uittrede tot die wêreldmark.

"OPUL probeer om Amerika en Rusland se olie-industrie te kelder. Ons kry pryse laer as kosprys vir die produksie van baie oliebronne en as resultaat verwag ek nie dat oliepryse so laag sal bly oor ŉ lang tydperk nie" sê Ekonometriese hoof ekonoom Azar Jammine.

Die prys van Brent ru-olie het met 70% gedaal in slegs meer as ŉ jaar soos die globale ooraanbod daal in opberging.

**Aangepas uit: *Sunday Times Business* – Brendan Peacock – 2016-01-17**

4.3.1 Na aanleiding van die artikel wat is die doel van OPUL? (1)

4.3.2 Aangesien OPUL die produksie en prys van die produk beheer, na watter tipe mark word daar verwys? (1)

4.3.3 Gee die karaktereienskappe van die mark soos geïdentifiseer in Vraag 4.3.2. (2x2) (4)

4.3.4 Gee ŉ opsomming van die implikasies vir die verbruiker indien OPUL die aanbod van olie laag hou. (2x2) (4)

4.4 Onderskei tussen toewysingsdoeltreffendheid en *pareto*-doeltreffendheid. (2x4) (8)

4.5 Die KKMA is ŉ onafhanklike instelling gevestig in 1996 in terme van die arbeidsverhoudingswetgewing. Bespreek die funksies van die KKMA. (4x2) (8)

**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 80**

**b.o.**

## AFDELING C

Beantwoord slegs EEN van die volgende twee vrae in jou ANTWOORDBOEK.

| STRUKTUUR VAN DIE OPSTEL | PUNTE-TOEKENNING |
|---|---|
| **Inleiding** | **Maks. 2 punte** |
| **Hoof gedeelte**<br>Bespreek in detail /in dieptebespreking / Vergelyk<br>Ontleed /Kritiese bespreking / Evalueer<br>Onderskei / Verduidelik /Asseseer /Debatteer.<br>**Addisionele gedeelte**<br>Gee eie opinie/ Bespreek krities /Evalueer/ Evalueer krities/Teken grafieke / Verduidelik / Gebruik grafiek en Verduidelik /Voltooi gegewe grafiek. / Bereken / Lei af / Vergelyk / Verduidelik / Ontleed / Debateer kortliks / Hoe? Stel voor / Gebruik inligting en argumenteer/ Debateer/ Evalueer. | **Maks. 26 punte**<br><br>**Maks. 10 punte** |
| **Gevolgtrekking**<br>Enige relevante hoërorde-gevolgtrekking<br>• Kort samevatting<br>• Opinie of waarde oordeel van die feite wat beskryf word<br>• Addisionele ondersteunende inligting vir bespreking / ontleding<br>• Teenstrydige oogpunt met motivering, indien nodig<br>• Aanbeveling | **Maks. 2 punte** |
| **TOTAAL** | **40** |

**VRAAG 5 – MIKROEKONOMIE 40 PUNTE – 40 MINUTE**

*"Die belangrikste enkele standpunt rakende markte is dat geen verhandeling plaasvind nie, tensy albei partye bevoordeel word."*

- Bespreek die funksies van markte in die ekonomie krities en stel vas waarom markmislukkings soms voorkom. (26 punte)

- Maak aanbevelings oor moontlike stappe wat die regering kan neem om markmislukkings te voorkom of te beperk. (10 punte)

**[40]**

**VRAAG 6 – KOMTEMPORÊRE EKONOMIESE KWESIES 40 PUNTE – 40 MINUTE**

*"Langtermyn werkloosheid word wêreldwyd gesien as ekonomies onaanvaarbaar."*

- Bespreek die effek wat werkloosheid speel in die ekonomie, op die individue en in die politiek. (26 punte)

- Maak voorstelle aan die regering hoe werkloosheid opgelos kan word deur monetêre en fiskale beleid. (10 punte)

**[40]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**
**TOTAAL: 150**

**EINDE**